Lees asb self **Hoofstuk 74** oor die rusie tussen Thomas en Judas die Iskariot. Ons vervolg in Hfs 75

***Die geheim van die selfontwikkeling van die mens***

# 75

**Ek** sê vir Judas Iskariot: "Broer Thomas kla met reg oor jou! Ek sê vir jou: Neem die waarskuwing ernstig ter harte en word `n mens! **As duiwel vind Ek jou walglik** en dan kan jy maar gaan! Want My geselskap is `n heilige geselskap omdat die Gees van Elohim daardeur waai, **en in so `n geselskap kan en mag geen duiwel bestaan nie**!"

[2] Hierdie woorde maak dat Judas dadelik voor Thomas op sy knieë val en hom om vergifnis vra.

[3] Maar **Thomas** sê: "Vriend, moet jou nie by my verontskuldig nie, maar by Hom teen wie se gewyde leer jy ten opsigte van my sleg opgetree het!"

[4] Dan staan Judas op en kom gou na My toe, val voor My op sy knieë neer en begin My om vergifnis te vra.

[5] **Ek** sê egter aan hom: "Vermaan jouself in jou hart, want die versoek van jou mond het sonder die innerlike, waaragtige verbetering nie die minste waarde vir My nie, want ek deursien jou hart en bemerk dat dit heeltemal sleg is. Slegs uiterlik is dit vriendelik, maar dit lyk soos `n slang wat deur haar sierlik kronkelende bewegings die voëls van die hemele betoor, sodat hulle dan as prooi in haar bek invlieg. Ek sê vir jou: Neem jouself in ag dat jy nie binnekort tot buit van die satan word nie! Want hy laat hulle wat hy eers eenmaal syne genoem het, nie graag los nie."

[6] Na hierdie woorde staan **Judas** weer op en sê vir My: "Meester! Die dooies roep U uit die grafte, en hulle lewe, waarom laat U dan my hart in die graf van die verderf ten gronde gaan? Ek wil `n beter mens word en tog kan ek dit nie regkry nie omdat ek my hart nie kan verander nie. Omvorm U daarom my hart, dan word ek `n ander mens!"

[7] **Ek** sê: "Daarin lê nou juis die groot geheim van die selfontwikkeling van die mens! Ek kan alles vir die mens doen en hy bly daarby `n mens; **maar sy hart is sy eie,** dit moet hy geheel en al vir homself bewerk as hy vir homself toegang wil kry tot die ewige lewe. Want as Ek eers self die hart van die mens moes regskaaf, **dan sou die mens `n masjien gewees het en nooit vry en selfstandig kon word nie**; maar as die mens geleer word wat hy moet doen om sy hart vir Elohim te vorm, dan moet hy dit ook ongedwonge ten uitvoer bring en sy hart vorm volgens die leer!

[8] As sy hart so omvorm, gereinig en gesuiwer is, kom Ek geestelik daarin en gaan daar woon, en die hele mens is dan geestelik opnuut gebore en kan daarna vir ewig nie meer verlore gaan nie. Want daardeur het hy één met My geword, soos wat Ek één is met die Vader, van wie Ek uitgegaan en in hierdie wêreld gekom het om alle mensekinders die weg te wys en te baan wat hulle geestelik moet gaan om by Elohim in die volheid van die waarheid te kom!

[9] Daarom moet jy, net soos elkeen van julle, eerste begin met die bewerking van julle harte, anders is julle verlore - ook al sou ek julle duisendmaal uit die graf na die vleeslike lewe teruggeroep het!"

[10] **Judas Iskariot** sê: "Meester, dan is ek verlore! Want ek het `n ontembare hart en kan myself nie help nie!"

[11] **Ek** sê: "Luister dan na die broers en wees nie kwaad vir hulle as hulle jou vriendelik met liefde vermaan nie, want hulle help jou om jou hart te bewerk!

[12] Kyk na Thomas, wat hom deur al jou grofheid nie laat afskrik het om jou te vermaan toe jy jou bose hart te veel vrye teuels begin gee het nie. Luister daarom na sy vermanings wat deur sy besorgdheid vir jou ingegee is, dan sal jou hart stuk vir stuk beter word! As jy egter voortgaan soos wat dit tot op hede die geval was, **deurdat jy jou deur niemand iets laat voorsê nie**, dan sal jy binnekort ten gronde gaan en, soos wat gesê is, ten prooi val van die satan, want dan sal nie Ek nie, maar die satan in jou hart gaan woon.

[13] Neem jou vóór alles die toorn en die hebsug in ag, want anders sal jy `n kind van die ewige dood word! Want die berou en die boetedoening aan die ander kant van die graf het weinig waarde en kan `n onreine, swart siel weinig help. Gaan nou, en dink goed oor hierdie woorde van My na!"

[14] **Judas** stap nou nadenkend agteruit, neem tog so half-en-half `n besluit om hom ooreenkomstig My woorde te verbeter, en sê vir Thomas: "Nou, broer, jy sal nou sien hoe Iskariot `n heel ander mens gaan word en uiteindelik nog `n voorbeeld vir julle almal gaan stel! Want Iskariot kan baie as hy wil; nou wil hy dit regtig en sal daarom ook tot baie in staat wees!"

[15] **Thomas** sê: "Broer, as jy jouself vooraf al prys, dan sal die daad waarskynlik geen aandag kry nie, en jy sal daardeur wel `n voorbeeld kan word, maar nie om na te volg nie, maar om af te skrik - en dan sal dit in hierdie wêreld nie met jou beter gaan nie!

[16] Want kyk, as jy beter wil wees as ons almal, wat ons groot swakhede ook sónder jou voorbeeld ken,

en maar al te goed insien hoe ellendig en onwaardig ons voor die Meester is, **dan moet jy jouself altyd voor die Meester minder ag as jou broers**, en selfs nooit daaraan dink om vir ons `n navolgenswaardige voorbeeld te word nie, **maar jouself steeds sien as die laaste en die geringste**. Dan sal jy, sonder dat jy dit wil, daadwerklik die een vir ons wees wat jy jou nou nog baie hoogmoedig voorgeneem het om te wees. - Leef dus volgens hierdie reël, wat nie van my afkomstig is nie, maar van die Meester wat dit vir jou vasgestel het, en dit **berus op die ware nederigheid en selfverloëning**, dan sal jy volgens die goddelike ordening dit bereik wat jy wil bereik! - Gaan egter na die Meester en vra Hom of ek jou verkeerd en onwaar ingelig het!"

### *Nederigheid en selfverloëning*

**76** **Judas** vra toe aan My: "Meester, is dit waar wat Thomas my nou weer so oortuigend gesê het?"

[2] **Ek** sê: "Ja, so is dit! Wie van julle homself as die minste ag van sy broers, **is die hoogste in die Ryk van Elohim**; elkeen wat hom beter ag as iemand anders, ontsê homself egter sy plek in die Ryk van Elohim, en val terug na die laaste plek.

[3] As iemand van julle nog een of ander hoogwaardigheidsgevoel ronddra en dus `n gevoel van '**beter as `n ander te wees'** by homself opmerk, dan is hy nog nie vry van die alles verterende gulsige hel en nog lank nie geskik vir die Ryk van Elohim nie, want so `n mens het geen vrye gees nie.

[4] As iemand hom egter die minste onder sy broers ag en so bereid is om almal na vermoë te dien, dan is hy die eerste in die Ryk van Elohim, en al die ander kan hulle heel tereg aan hom spieël. Hulle wat egter besiel word deur `n groot, goddelike gees is slegs hulle wat in staat is om hulle laer te ag as alle ander menslike (adamitiese) skepsels!"

[5] **Judas** sê: "Dan kan slegs `n mens wat die kuns verstaan om homself die meeste te verneder, die eerste in die Ryk van Elohim word!? Want as hy daarna streef om almal na vermoë te dien, dan moet die ander hom tog duidelik eerste die plesier gun om deur hom gedien te word, om hom daardeur te help om die hemelse eerste te word! - Maar wat nou, as die ander sy dienste heeltemal nie wil aanvaar of self hul dienste aanbied om die eerste te word om in die hemelryk te kom? Wie sal dan die eerste in die Ryk van Elohim word?"

[6] **Ek** sê: "Elkeen met `n opregte hart wat hom inspan om dit te doen! Maar mense wat in `n sekere sin uit selfsug die dienste van hul broer nie wil aanneem nie om hom elke geleentheid te ontneem om eerste in die Ryk van Elohim te kan kom, sonder om self ooit na die voorreg te streef sal tog die laaste wees en hy die eerste, omdat hy opreg uit liefde en ware nederigheid alle broers wou dien!

[7] Ag, dit sou tog iets heeltemal anders wees as iemand op hierdie wêreld hom net sou toewy om die toekomstige eerste in die hemel te wees, die minste te wees en om dienaar van almal te word! O, hierdie een sal óók van die laastes in die Ryk van Elohim wees! Aan die anderkant word alles met die suiwerste weegskaal afgeweeg en met die sekuurste maat gemeet. Waar daar ook maar iéts selfsugtigs tevoorskyn kom, sal die weegskaal geen uitslag gee nie en nie voldoen aan die hemelse maat nie! Daarom moet jy **sonder enige voorbehoud die volle waarheid in jou hê**, anders kan jy die Ryk van Elohim nie binnegaan nie. Slegs die suiwer waarheid sonder valsheid en agterbakse bedrog kan en sal julle vrymaak vir Elohim en al Sy skepsels! - Verstaan jy dit?"

[8] **Judas Iskariot** sê: "Ja, dit verstaan ek goed, maar ek besef daarby ook dat so iets onmoontlik is om uit te voer, want dit is vir die mens onmoontlik om alle eieliefde te laat vaar! Hy moet tog eet en drink en vir woning en kleding sorg - en dit gebeur dan ook uit `n sekere vorm van eieliefde! `n Mens neem `n liewe vrou en wil haar slegs vir homself hê, en wee diegene wat dit sal waag om die vrou van sy naaste te begeer! Dit is dan tog ook `n vorm van eieliefde!?

[9] Sal ek, as ek `n goedbewerkte stuk grond het, teen die oestyd uit pure selfveragting en met `n totale gebrek aan eieliefde na my bure gaan en sê: 'Vriende, gaan en oes wat op my veld is wat ryp geword het, want ek het as die minste van julle as kneg sonder enige waarde slegs vir julle gewerk!' Ek voel dat so `n hooggeroemde selfverloëning en selfveragting tog bepaalde grense moet hê waarsonder dit selfs onmoontlik sal wees om U leer aan die mense mee te deel, omdat die mens daarmee duidelik sou sien dat die mens sy broers dommer en blinder beskou as homself! Want om hom geestelik beter te ag as sy broer bevat tog seker ook wel iets van hoogmoed! As dit so is, laat ons dan weer oor `n honderd jaar na die mensdom kyk, dan sal ons hulle soos osse in die weigras sien eet, en van `n taal sal daar geen spoor meer te vinde wees nie en net so min van woonhuise of selfs maar van `n stad! - Hoe ver mag die eieliefde van die mens dan gaan?"